**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 13 JUNIE 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

## AMPTENARE:

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. M Wüst | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Krohn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. J Rosenberg | : | Senior Tikster |
| Mev. V Julies | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/06/2019**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom in die vergadering.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Dr. Hilke Maartens van Creating Hope Africa wat 'n voorlegging sal maak.

***

**BKN002/06/2019**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/06/2019**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Direkteur Tegniese Dienste verklaar sy persoonlike belange by items BKA018 asook BKA040.

***

**BKN004/06/2019**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 MEI 2019**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 28 Mei 2019 bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (J ROSENBERG)***

***

**BKN005/06/2019**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/06/2019**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

**A. Lief en Leed:**

Dat Raadsdame Smit op Saterdag 15 Junie 2019 en Raadslid Van Wyk op Vrydag 14 Junie 2019 verjaar. Voorspoed en geseënde jare word hulle toegewens.

**B. Terugvoering van PCF**:

Die Voorsitter meld dat die amptenare in Bergrivier Munisipaliteit se fokus

moet wees om die publiek se navrae so spoedig moontlik af te handel en in diens van die gemeenskap te wees.
**KENNIS GENEEM**

*******

**BKN007/06/2019**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: CREATING HOPE AFRICA**
**3/3/1/5**
***(visuele voorlegging)***

Die Bestuurder Strategiese Dienste lei die item in, waarna Dr. Hilke Maartens visuele terugvoering gee met betrekking tot die vordering van die projek.

Verskeie kommentaar en insette word gelewer deur die komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat 'n implementeringsplan met 'n tydsraamwerk voorgelê word by die Direksie vergadering en aan die Raadslede gestuur word;
2. Dat maandelikse terugvoering gegee word by die Staande Komitee van Ekonomiese Ontwikkeling; en
3. Dat die rol van kommersiële landbouers as moontlike mentore ondersoek word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

***(Dr. Hilke Maartens verlaat die vergadering om 10:45)***

**BKN008/06/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

*******

**BKN009/06/2019**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: SAALBELEID**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat bogenoemde item onttrek word; en
2. Dat verdere gesprekke plaasvind tussen die betrokke Portefeulje Voorsitter en betrokke Direkteur met betrekking tot die punte/kwessies in die beleid wat gewysig/verander moet word.

*******

**BKN010/06/2019**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: BEHUISINGSTOEKENNINGSBELEID**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat bogenoemde item onttrek word; en

2. Dat verdere gesprekke plaasvind tussen die betrokke Portefeulje Voorsitter en betrokke Direkteur met betrekking tot die punte/kwessies in die beleid wat gewysig/verander moet word.

***

**BKN011/06/2019**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: REËLS VAN INFORMELE HANDELSENTRUM**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat bogenoemde item onttrek word; en
2. Dat verdere gesprekke plaasvind tussen die betrokke Portefeulje Voorsitter en betrokke Direkteur met betrekking tot die punte/kwessies in die beleid wat gewysig/verander moet word.

***

**BKN012/06/2019**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: HUISWINKELBELEID**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat bogenoemde item onttrek word; en
2. Dat verdere gesprekke plaasvind tussen die betrokke Portefeulje Voorsitter en betrokke Direkteur met betrekking tot die punte/kwessies in die beleid wat gewysig/verander moet word.

***

**BKN013/06/2019**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: VERSLAG OP BKA014/02/2019**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat bogenoemde item onttrek word; en
2. Dat verdere gesprekke plaasvind tussen die betrokke Portefeulje Voorsitter en betrokke Direkteur met betrekking tot die punte/kwessies in die beleid wat gewysig/verander moet word.

***

**BKN014/06/2019**
**SESDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: VERSLAG VIR AFSKRYF VAN AGTERSTALLIGE REKENINGE/AGTERSTALLIGE REKENINGE SPORTKLUBS EN AURORA HOËRSKOOL**
**9/1/2**

**BESLUIT**

1. Dat bogenoemde item onttrek word; en
2. Dat verdere gesprekke plaasvind tussen die betrokke Portefeulje Voorsitter en betrokke Direkteur met betrekking tot die punte/kwessies in die beleid wat gewysig/verander moet word.

***

**BKN015/06/2019**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AMENDMENT AND SECOND REVIEW OF THE FOURTH GENERATION IDP (2017-2022) AS APPROVED BY COUNCIL ON 28 MAY 2019**
**9/1/2**
***(An amended recommendation was tabled at the meeting – Annexure A)***

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the Mayoral Committee and Council take note of the cosmetic changes needed to the IDP on the abovementioned pages, as indicated in the report;

2. That the correct approved version be placed on the website; and

3. That the correct approved version be submitted to Provincial Government and other relevant authorities.

***

**BKN016/06/2019**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**
***(‘n Verslag word ter tafel gelê - Aanhangsel B)***

Die Direkteur Tegniese Dienste gee ‘n bondige samevatting van die item onder bespreking.

Verskeie kommentaar en insette word gegee.

**BESLUIT**

Dat ‘n kennisgewing aan die publiek uitgestuur word asook op die “Facebook” bladsy geplaas word vir verdere bewusmaking met betrekking tot waterbesparing in die Bergrivier Munisipale gebied.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN017/06/2019**
**VISHUISPERSELE: ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN)**
**7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat huurkontrakte van al die vishuise verleng word tot 30 Junie 2020, en dat dit daarna ooreenkomstig die Erfenis Bewaring Bestuursplan van Bokkomlaan hersien word vir ‘n termyn soos bepaal deur die Raad.

***

**BKN018/06/2019**
**AANSOEK OM VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN RESTANT ERF 154, DWARSKERSBOS**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Gedeelte A (± 1259.32m² groot) van Restant Erf 154, Dwarskersbos nie benodig word nie vir munisipale dienslewering nie;
2. Dat toestemming verleen word aan die Departement Beplanning en Omgewingsbestuur om voort te gaan met onderverdeling en sluiting van die betrokke gedeelte van die publieke padreserwe en dat die kostes betaal word uit die betrokke departement se bedryfsbegroting;
3. Dat die beraamde markwaarde van R698 904.45 (BTW ing.) as die verkoopprys gebruik word;
4. Dat die koper verantwoordelik sal wees vir oordragkoste by die aktekantoor;
5. Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die nodige grondgebruik aansoeke (Hersonering, Konsolidasie, ens.) en enige ander studies, lisensies, permitte of goedkeuring wat nodig mag wees;
6. Dat die eiendom voetstoots verkoop word;
7. Dat die koper verantwoordelik sal wees vir voorsiening van dienste aan die eiendom en aansluiting tot munisipale ingenieursdienste op eie onkoste en tot bevrediging van die munisipaliteit se Tegniese Dienste Direktoraat; en
8. Dat die Raad se intensie om Gedeelte A (±1259.32m² groot) van Restant Erf 154, Dwarskersbos aan Bosspruit Filling Station (Pty) Ltd te verkoop, geadverteer word vir 14 dae.

***

**BKN019/06/2019**
**AANSOEK OM VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 208, AURORA (MEENT)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Restant Erf 208, Aurora (meentgrond van Aurora) nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;
2. Dat Aurora meentgrond vir 'n tydperk van drie jaar beskikbaar gestel word aan Creating Hope Africa;
3. Dat Creating Hope Africa (CHA) voor die aanvang van die huurtermyn 'n strategiese plan indien met betrekking tot die aanwending en die bestuur

van die grond ten bate van kleinskaalseboere ontwikkeling;

4. Dat ‘n jaarlikse huurbedrag van R 600 betaalbaar is;

5. Dat geen munisipale water aangewend word vir besproeiingsdoeleindes nie weens waterbeperkings en dat Creating Hope Africa verantwoordelik sal wees om alternatiewe water vir besproeiingsdoeleindes te bekom en die nodige permitte van Departement van Waterwese te verkry; en

6. Dat die Raad se voorneme om die Aurora meentgrond aan Creating Hope Africa beskikbaar te stel vir verhuring vir ‘n tydperk van drie jaar geadverteer word vir 14 dae.

***

**BKN020/06/2019**
**PELIKAAN STRAND TOEGANG, LAAIPLEK**
**L.576**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat, indien die illustrasie die Raad se ondersteuning geniet, voortgegaan word met belyning tussen die verskillende aksies deur die opstel van ‘n implementeringsplan;

2. Dat die Raad befondsing uit die huidige goedgekeurde begroting vir die projek identifiseer;

3. Dat die rekreasie (park) en toegangspad komponente van Fase 1 onderskeidelik deur Direktoraat Gemeenskapsdienste en Direktoraat Tegniese Dienste bestuur word, in oorleg met die Omgewingsbeplanning Bestuursbeampte;

4. Dat Fase 2 van die projek hanteer word deur Departement Beplanning en Omgewingsbestuur na afhandeling van Fase 1; en

5. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste en Direkteur Tegniese Dienste die terrein netjies en bruikbaar maak vir die Desembervakansie uit die huidige goedgekeurde begroting.

***

**BKN021/06/2019**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND ERF 1002 PORTERVILLE (MEENTGROND)**
**7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad volstaan by Raadsbesluit RVN011/03/2019 van 26 Maart 2019.

***

**BKN022/06/2019**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND 'N GEDEELTE VAN ERF 2288 PORTERVILLE (ANNA SWARTS SPEELPARK)**
**7/2/3/1**
***('n Regstellende verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat 'n Gedeelte van Erf 2288 Porterville (Anna Swarts Speelpark) nie vervreem/beskikbaar gestel word nie; omrede dit tans opgegradeer word deur die Raad en deur Departement: Gemeenskapsfasiliteite aangewend gaan word in belang van die betrokke gemeenskap; en
2. Dat daar nie verder alternatiewe geskikte gesoneerde grond in hierdie omgewing is wat aan die Raad behoort om beskikbaar te stel per openbare tender nie.

***

**BKN023/06/2019**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND ERF 4186 PIKETBERG**
**P.4186; 15/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad volstaan by Raadsbesluit RVN013/02/2019 van 26 Februarie 2019; en
2. Dat daar nie verder gehandel word met die eiendom weens sigwater op Erf 4186, Piketberg nie aangesien dit van so 'n aard is dat dit boukostes baie hoog maak, asook enige struktuur wat opgerig word se strukturele integriteit moontlik negatief kan beïnvloed.

***

***(Die Direkteur Tegniese Dienste verlaat die vergadering om 11:50 voor die bespreking van onderstaande item en sluit weer om 11:55 aan by die vergadering na afloop van die bespreking van die item)***

**BKN024/06/2019**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND ERF 532 PIKETBERG**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat erf 532 Piketberg (Publieke Oopruimte) nie vervreem word nie; omrede daar 'n rioollyn deur twee gedeeltes van die eiendom loop en dit geïdentifiseer is om deur Departement Gemeenskapsfasiliteite aangewend te word in belang

van die betrokke gemeenskap.

***

**BKN025/06/2019**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND ERF 3444 EN 4404 PIKETBERG</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1.1. Dat Erf 3444, Piketberg nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;

1.2. Dat toestemming verleen word aan die Departement Beplanning en Omgewingsbestuur om voort te gaan met hersonering en sluiting van die publieke oopruimte Erf 3444 Piketberg, na ‘n geskikte sonering vir gemeenskapsdoeleindes (godsdienstige en onderrig gebruik) en dat die kostes betaal word uit die betrokke departement se bedryfsbegroting;

1.3 Dat na suksesvolle afhandeling van bogenoemde, die grond gewaardeer word binne die munisipale tussentydse waardasieproses en ooreenkomstig die vereiste van voorsieningskanaalbestuursbeleid vervreem word;

1.4 Dat die waardasie as insetprys gebruik word;

1.5 Dat die koper verantwoordelik sal wees vir oordragkoste by die aktekantoor;

1.6 Dat die eiendom voetstoots verkoop word;

1.7 Dat die koper verantwoordelik sal wees om die eiendom te laat aansluit by munisipale ingenieursdienste op eie onkoste tot bevreding van die Munisipaliteit se Tegniese Dienste Direktoraat;

1.8 Dat die Begrotingsloodskomitee aanbevelings maak aan die Raad oor waarvoor fondse verkry uit die vervreemding, aangewend moet word volgens prioriteite en behoeftes van die Munisipaliteit;

2. Dat Erf 4404 Piketberg nie vervreem word nie; omrede die Raad dit benodig vir munisipale dienslewering;

2.1 Dat die behuisingafdeling ‘n formele verslag aan die Staande Komitee: Gemeenskapsdienste voorlê met betrekking tot die bejaarde behuisingsbehoefte voorstel van die perseel vir oorweging deur die Raad;

3. Dat ‘n ondersoek gedoen word deur die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite, Stadsbeplanners asook tegniese personeel na watter oopruimtes benodig word om sinvol en prakties as parke te kan dien en watter oopruimtes nie vir basiese dienslewering benodig word nie; en

3.1 Dat voorstelle deur bogenoemde ondersoekspan gemaak word vir die

beste aanwending van oopruimtes wat nie vir dienslewering benodig word nie.

***

**BKN026/06/2019**
**VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCELAAN, PORTERVILLE**
**PTV.2965, 2966 & 2967**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat vir die korttermyn OPSIE 1 aanvaar word, wat insluit opgradering van die huidige voetganger deurgang ooreenkomstig Raadsbesluit RVN015/09/2018 van 25 September 2018 wat ‘n verdere ongeveer R44 150 sal beloop ten einde “Clear Vu” aan te bring (Indien die oprigting uitgekontrakteer word sal die kontrakteur se kostes bygevoeg word); en
2. Dat vir die langtermyn OPSIE 2 aanvaar word, naamlik: uitkoop van twee eiendomme teen Munisipale Waardasie, sloping van strukture en konstruksie van nuwe teerstraat teen **ongeveer R 633 000** (Indien enige van die werk uitgekontrakteer moet word, sal die kontrakteur se kostes bygevoeg moet word).

***

**BKN027/06/2019**
**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: EIENDOMME GEHOU VIR VERKOOP**
**7/2/1**
***(‘n Gewysigde aanbeveling was elektronies versprei – Aanhangsel D)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat ‘n gesamentlike ondersoek gedoen word deur die Direktoraat Gemeenskapsdienste, Direktoraat Korporatiewe Dienste asook Direktoraat Tegniese Dienste ten einde te bepaal watter publieke oopruimtes benodig word om die minimum vlak van basiese munisipale dienste te lewer en watter vir ander doeleindes aangewend kan word;
2. Dat beter aanwending, wat met hersonering en onderverdeling gepaard kan gaan, ten opsigte van onderstaande grond bepaal word, na gelang van verdere bespreking:

| DORP | LG KODE | ERF NO | | AREA (HA) | TITEL AKTE NO | EIENAAR | OPMERKING | MUNISIPALE WAARDASIE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aurora | C05800010000006200000 | 62 | Hoofstraat | 0.1509 | T31615/1997 | Plaaslike Oorgangsraad Aurora | Vacant Authority Zone Site - rezone before sale | R 150 000.00 |
| Aurora | C05800010000020600000 | 206 | Hoofstraat | 4.1075 | T21714/1952 | Mun Bergrivier | Vacant Authority Zone Site - rezone and subdivide before sale | R 403 000.00 |
| Laaiplek | C05800050000045300000 | 453 | Falkenlaan | 0.0991 | T6908/1972 | Mun Velddrif | Vacant Authority Zone - rezone before sale | R 200 000.00 |
| Piketberg | C05800060000002400000 | 24 | 27 Kerkstraat | 0.6079 | T16542/1957 | Mun Genied van Piketberg | Vacant Authority Zone site next to Mun Offices - subdivide and rezone before sale | R 700 000.00 |
| Piketberg | C05800060000016100000 | 161 | 33 Langstraat | 0.5333 | T56675/1987 | Mun Gebied van Piketberg | Vacant Single Res Zone 1 site (Long Street) - rezone and/ or subdivide before sale | R 480 000.00 |
| Piketberg | C05800060000440400000 | 4404 | Zebrastraat | 0.846 | T826/2014 | Mun Bergrivier | Land next to Calendula Street next to Library / Clinic - Currently Subdivided | R 800 000.00 |

3. Dat ‘n kwartaallikse verslag met betrekking tot die bateregister en opdatering daarvan in die Maandverslag: Beplanning en Omgewingsbestuur ingesluit word;
4. Dat ‘n lys van erwe wat geïdentifiseer word vir behuising, POR’s, Meentgronde en waar tegniese dienste aangebring moet word; en
5. Dat ‘n lys saamgestel word van erwe in Bergrivier Munisipale gebried wat aan Nasionale/Provinsiale Publieke Werke behoort.

***

**BKN028/06/2019**
**<u>TOEGANGSBEHEER: ‘N GEDEELTE VAN FRANKLAAN (ERF 1169 PORTERVILLE)</u>**
**PTV. 1169**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee ‘n kort samevatting van die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad besluit om die onderstaande toegangstye/toegangsbeheer toe te pas, naamlik:
   - Sondae tot Donderdae vanaf 20:00 – 08:00;
   - Vrydae tot Saterdae vanaf 22:00 – 08:00;
2. Dat Franklaan andersins oopgehou word en die nodige wetstoepassingmaatreëls/-reëlings toegepas word; en
3. Dat ‘n bystandpersoon in Tegniese Dienste aangewys word vanaf 1 Julie 2019 om bostaande funksies te verrig.

***

**BKN029/06/2019**
**<u>VERSOEK VIR AFSTAND DOEN VAN EIENDOMSREG: ‘N GEDEELTE VAN PUBLIEKE OOPRUIMTE ERF 706 PIKETBERG</u>**
**PB. 706**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

***BESTUURDER:***

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word vir inventaris doeleindes.

***BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN030/06/2019**
**BESIGHEIDSLISENSIEBELEID: AANSOEKVORM**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat die wysiging van die aansoekvorm in die Besigheidslisensiebeleid goedgekeur word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN031/06/2019**
**TO INFORM COUNCIL OF THE PUBLIC LAUNCH SITE (PLS) ROOIBAAI AS LISTED UNDER BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**17/12/7**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the item be reffered back to the administration due to ongoing negotiations.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**BKN032/06/2019**
**APPROVAL OF BOAT LICENSE OUTLETS RELATING TO THE BERGRIVIER MUNICIPALITY BY-LAW FOR THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERGRIVIER ESTUARY**
**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That **approval** is given for the use of Boat Licence Outlets (POMA kantore; Rivera Hotel; Kliphoek River Resort) for the sale of licences in order to effectively implement the *Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary*;

2. That the Municipal Manager is authorised to enter into agreements with the Boat Licence Outlets; and

3. The Boat Licence Outlets will be entitled to receive a 10% commission on all monies collected on behalf of Bergrivier Municipality.

***

**BKN033/06/2019**
**DRAFT NATIONAL CLIMATE CHANGE ADAPTATION STRATEGY- PUBLIC COMMENT**
**7/2/3/1**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That information on National legislation be provided to Council; and
2. That opportunity for comments from Council is provided to the Department of Environmental Affairs.

***

**BKN034/06/2019**
**MAANDVERSLAG: PMU & BUILDING CONTROL: MAART EN APRIL 2019**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Wessels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council and the Technical Services Portfolio Committee acknowledge the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects and approve the report of the Branch, PMU & BUILDING CONTROL.

***

**BKN035/06/2019**
**GEÌNTEGREERDE VASTE AFVAL BESTUURSPLAN (IWMP)**
**15/1/5/22**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in en gee kortliks ‘n samevatting van die item onder bespreking.

Aanvullende inligting word gegee deur die Direkteur Tegniese Dienste, waarna verskeie kommentaar en insette gegee word.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat Bergrivier Munisipaliteit eienaarskap aanvaar van die plan, alvorens die publieke deelname proses kan begin.

***

**BKN036/06/2019**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MARCH AND APRIL 2019**
**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Councilor Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

The Municipal Manager informed the meeting that all orders for capital projects for the 2019/2020 financial year must be submitted to the financial department by 01 November 2019.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council noted the monthly budget statement and supporting documentation for March and April 2019.

***

**BKN037/06/2019**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: MARCH AND APRIL 2019**
**6/1/1**

The Portfolio Chairperson, Councillor Crafford gave a short summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Supply Chain Management Implementation Report as tabled.

***

**BKN038/06/2019**
**KENNISNAME VAN ITEMS IN DIE BATEREGISTER WAT PER OPENBARE VEILING TE VERKOOP WAS**
**6/1/1**
***('n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel E)***

Die portefeulje voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem dat die bates in Aanhangsel "A" van die verslag nie meer benodig is vir munisipale dienslewering nie en dat dit per veiling verkoop was.

***

**BKN039/06/2019**
**GOEDKEURING VAN DIE BERGRIVIER SPORT EN REKREASIEBELEID**
**17/7/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Sport-en Rekreasiebeleid aanvaar word.

***

**BKN040/06/2019**
**SPORT MEESTERPLAN (SPORT INFRASTRUKTUURPLAN)**
**17/7/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat die Sport meesterplan (Sportinfrastruktuurplan), soos vervat in die verslag, goedgekeur word.

***

**BKN041/06/2019**
**MUNISIPALE INFRASTRUKTUUR SUBSIDIEPROGRAM: PRIORITEITSLYS TEN OPSIGTE VAN SPORTSINFRASTRUKTUUR - PROJEKTE**
**17/7/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in en gee kortliks 'n samevatting van die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word; en
2. Dat die groter visie en toekomsbeplanning saamgestel word in samewerking / oorleg met die relevante en belyn word met die langtermyn MIG aansoeke voor einde Augustus 2019.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN042/06/2019**
**DRAFTING OF A COMPREHENSIVE STRATEGY TO DEAL WITH THE ILLEGAL INVASION OF LAND**
**17/5/B**

The Portfolio Chairperson, Councilor Du Plooy gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the Executive Mayoral Committee notes the progress made with the compilation of a manual to deal with land invasions across all municipalities in South Africa;
2. That the documents provided by SALGA be used to draft a Bergrivier Municipal Standard Operating Procedure;
3. That the SOP be reviewed when SALGA has provided a final document at the conclusion of the consultative process; and
4. That the SOP: Guideline on the Role of Municipalities in Eviction Proceedings be followed in the interim, in cases where proceedings of this kind must be instituted.

***

**BKN043/06/2019**
**NEGOTIATIONS TO BUY LAND FOR PURPOSES OF HOUSING DEVELOPMENT IN PORTERVILLE AND PIKETBERG**
**17/5/1**

The Portfolio Chairperson, Councillor Du Plooy gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the negotiations with Mr. Hannes Eksteen and Mr. Stoffel du Plessis be noted;
2. That consideration be given to the appointment of a land valuator in order to establish a guiding price for the land;
3. That a land availability agreement be drafted by the Director: Community Services for submission to the Municipal Manager;
4. That a funding application be submitted to the Provincial Department of Housing as soon as possible; and
5. That the final cadastral boundaries be determined based on the approved

SDF of Bergrivier Municipality and other legal requirements.

***

**BKN044/06/2019**
**UPGRADING OF THE ANNA SWARTS PLAYPARK IN PORTERVILLE**
**2/2/4**

The Portfolio Chairperson, Councillor Du Plooy gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council noted the completion of the Anna Swarts Playpark in Porterville.

***

**BKN045/06/2019**
**TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES: 2019/20 BUDGET AND INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP)**
***(The time schedule is tabled at the meeting as previously circulated electronically – Annexure F)***

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

Various comments and inputs were made regarding changes to be made in the time schedule and the deadline for further/additional inputs by Council is Friday 14 June 2019.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the draft Time Schedule of Key Deadlines be approved for the 2019/20 financial year; and
2. That the approved Time Schedule of Key Deadlines be advertised and placed on the municipal website.

***

***(Die Direkteur Tegniese Dienste verlaat die vergadering om 12:45 voor die bespreking van onderstaande item en sluit weer aan om 12:50 by die vergadering.)***

**BKN046/06/2019**
**AANSTELLING VAN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**2/2/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Direkteur Tegniese Dienste vir sy diens aan Bergrivier Munisipaliteit en wens hom sterkte toe vir sy pad vorentoe.

**A. Besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee:**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die vulling van die vakature

vanaf 1 Julie 2019 (of so spoedig moontlik daarna) aanbeveel na die Raad vir goedkeuring;

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die versoek van Mnr. Krohn goedkeur en dat sy kennisgewingsperiode verkort word na een kalendermaand in plaas van die voorgeskrewe twee kalendermaande soos per sy dienskontrak;
3. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die implementeringsplan goedkeur;
4. Dat die konsep advertensie oorweeg word aan die hand van alle relevante wetgewing en goedgekeur word vir advertering in die geïdentifiseerde media;
5. Dat die samestelling van die paneel aanbeveel word aan die Raad, soos aangedui in paragraaf 5 in die verslag; en
6. Dat beide vakbonde (SAMWU en IMATU) versoek word om teen Vrydag 28 Junie 2019 hul verteenwoordiger (een per vakbond) te benoem en in skrif deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

**B. <u>Aanbevelings vir die Raad:</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die bedanking van die Direkteur Tegniese Dienste en die onmiddellike vulling van die vakature goedkeur; en
2. Dat die Raad die samestelling van die aanstellingspaneel goedkeur soos aangedui in paragraaf 5 in die verslag.

***

**BKN047/06/2019**

**REPORT ON THE FORMAL ENGAGEMENT WITH THE HONORABLE MINISTER OF AGRICULTURE: MR IVAN MEYER ON THE AGRICULTURAL PROGRAM IN BERGRIVIER MUNICIPALITY**

The Manager Strategic Services gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council approves the content of the report; and
2. That the report be submitted to the Minister of Agriculture for discussion in the Cabinet of the Western Cape Government.

***

**BKN048/06/2019**

**DRAFT COMMUNICATION POLICY**

**2/B**

***(An amended page was tabled in the meeting – Annexure G)***

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTIONS**

1. That the Executive Mayoral Committee adopts the Communication Policy as tabled in terms of the abovementioned legal framework with the following addition to the policy:

***5.3.1 Code of Communications***

***Where municipal employees and/or councillors use any communication platforms and wish to provide personal comments on these platforms, they could contravene the Code of Conduct and bring the municipal service into disrepute or be misinterpreted as being an official representative of Bergrivier Municipality. All employees and/or councillors must at all times adhere to the Codes of Conduct as pertained in the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000);***

2. That the Communication Policy be implemented with immediate effect; and

3. That the approved Communication Policy be published on the municipal website, sent to all employees with access to computers via e-mail and a link be posted on the Bergrivier Municipality "Facebook page".

***MUNICIPAL MANAGER***

*******

**BKN049/06/2019**
**<u>REVIEW OF RISK MANAGEMENT POLICIES</u>**
**12/2/2/2**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee review and approve the Risk Management policies for the 2019/2020 financial year.

***INTERNAL AUDITOR***

*******

**BKN050/06/2019**
**<u>REVIEW OF ANTI-CORRUPTION POLICY</u>**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee approve the Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan) for the 2019/2020 financial year.

***INTERNAL AUDITOR***

*******

**BKN051/06/2019**
**<u>STRATEGIC RISK REGISTERS 2018/2019</u>**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee review and approve the current Strategic Risk Register.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN052/06/2019**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: MAART EN APRIL 2019</u>**
**8/1/1**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN053/06/2019**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN054/06/2019**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN055/06/2019**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN056/06/2019**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN057/06/2019**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:05***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***

***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***